# VERORDENING

**Om voorsiening te maak vir die beheer oor straathandel in die Emthanjeni munisipaliteit; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

---

**DAAR WORD BEPAAL** deur die **Emthanjeni** munisipaliteit, soos volg:-

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Verordening, tensy uit die samehang anders blyk beteken –

"**aangewese gebied**" 'n gebied gelys in die Bylae waarbinne straathandel, behoudens hierdie Verordening, toegelaat word;

"**eiendom**", met betrekking tot iemand wat sake doen as 'n straathandelaar, enige artikel, houer, voertuig of struktuur wat gebruik word of bedoel is vir gebruik in verband met sodanige onderneming;

"**gemagtigde beampte**" 'n beampte in diens van die Munisipaliteit wat deur die Munisipaliteit gemagtig is om hierdie Verordening uit te voer;

"**Munisipale Bestuurder**" die persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**Munisipaliteit**" die **Emthanjeni** munisipaliteit;

"**openbare plek**" ook grond, 'n park of oop ruimte, pad, straat, nagstraat of deurgang, brug, gebou of struktuur wat gewoonlik deur die publiek gebruik word, wat die eiendom van die Munisipaliteit is, of waarvan die beheer, tot die volle uitsluiting van die eienaar in die Munisipaliteit gevestig is, of waartoe die inwoners van die Munisipaliteit 'n gemeenskaplike reg of toegang het;

"**sake doen**" die koop, verkoop of ruil van enige ware of om enige diens te lewer of aan te bied om dit te lewer;

"**soom**" daardie gedeelte van 'n pad, straat, nagstraat of deurgang, met inbegrip van 'n sypaadjie, wat 'n openbare plek is of deel vorm van 'n openbare plek, wat nie verbeter, gebou of bedoel is vir die gebruik van voertuie nie;

"**straathandelaar**" iemand wat sake doen in, op of vanaf 'n openbare plek, maar nie ook iemand wat koerante verkoop nie, en het "**straathandel**" of enige soortgelyke woord 'n ooreenstemmende betekenis.

**Straathandel beperk**

**2.** (1) Niemand doen sake as 'n straathandelaar –

(a) behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Munisipaliteit en ooreenkomstig die voorwaardes in die toestemming uiteengesit nie;

(b) indien hy of sy nie –

(i) 'n Suid-Afrikaanse burger is of permanente verblyfreg of 'n werkpermit van die immigrasie owerhede ontvang het nie; en

(ii) vaste eiendom in die regsgebied van die Munisipaliteit besit of vir 'n ander rede verplig is om dienstegelde en heffings aan die Munisipaliteit te betaal nie;

(c) buite 'n aangewese gebied nie; en

(d) gedurende enige ander tyd as die tye aangedui in hierdie Verordening nie.

(2) Enigiemand wat sake doen as 'n straathandelaar, moet die skriftelike toestemming in subartikel (1)(a) genoem in sy of haar besit hê en dit op versoek aan 'n gemagtigde beampte toon.

(3) Die Munisipaliteit kan skriftelik en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag bepaal, vir die duur van 'n spesifieke gebeurtenis, aan 'n persoon of groep persone, vrystelling van voldoening aan 'n spesifieke bepaling of al die bepalings van subartikel (1) verleen.

**Aansoek en uitreiking van skriftelike toestemming**

**3.** (1) 'n Aansoek vir toestemming om sake te doen as 'n straathandelaar –

(a) word gerig aan die Munisipale Bestuurder;
(b) word gedoen in die vorm deur die Munisipaliteit bepaal; en
(c) gaan vergesel van die gelde deur die Munisipaliteit vasgestel, sowel as gelde vir dienste of strukture deur die Munisipaliteit by die aangewese gebied voorsien, indien van toepassing.

(2) Die Munisipale Bestuurder oorweeg die aansoek en staan dit toe of keur dit af binne 30 dae na ontvangs van die aansoek.

(3) Indien die aansoek slaag, reik die Munisipale Bestuurder sonder versuim die skriftelike toestemming uit waarin die voorwaardes onderworpe waaraan dit uitgereik word uiteengesit word.

(4) Indien die aansoek nie slaag nie, laat weet die Munisipale Bestuurder die aansoeker sonder versuim dienooreenkomstig en gee in skrif redes vir sy of haar besluit.

(5) Die bepalings van artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet No. 32 van 2000), geld *mutatis mutandis* ten opsigte van 'n appèl teen 'n besluit van die Munisipale Bestuurder beoog in subartikel (4).

**Duur, hernuwing, verval en terugtrekking van geskrewe toestemming**

**4.** (1) 'n Geskrewe toestemming om sake te doen as 'n straathandelaar –

(a) word toegestaan vir 'n tydperk nie langer as 12 maande nie;

(b) word verleng vir 'n tydperk van 12 maande op 'n keer indien betaling van die gelde deur die Munisipaliteit vasgestel deur die straatverkoper gedoen word voor die einde van die aanvanklike tydperk van 12 maande of, na gelang van die geval, elke verdere tydperk van 12 maande;

(c) verval indien die gelde beoog in paragraaf (b) nie betyds betaal word nie.

(2) Die Munisipaliteit kan sy toestemming aan iemand om as straathandelaar sake te doen terugtrek indien die straathandelaar –

(a) versuim om te voldoen aan of teenstrydig optree met enige voorwaarde uiteengesit in die toestemming;

(b) enige bepaling van hierdie Verordening of enige ander wet oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(c) versuim om 'n wettige bevel of versoek deur 'n gemagtigde beampte gegee of gerig te gehoorsaam of daaraan te voldoen;

(d) die bepalings van 'n teken of kennisgewing wat deur die Munisipaliteit ingevolge hierdie Verordening vertoon word verontagsaam of oortree.

**Aangewese gebiede en handelstye**

**5.** (1) Die gebiede gelys in Deel 1 van die Bylae is aangewese gebiede waarbinne sake, behoudens die bepalings van hierdie Verordening, deur straathandelaars gedoen mag word.

(2) Niemand doen sake as 'n straathandelaar behalwe gedurende die tye 08:00 tot 18:00 op enige ander dag as 'n Sondag nie.

**Algemene optrede van straathandelaars**

**6.** Niemand wat sake doen as straathandelaar –

(a) plaas sy of haar eiendom of ware in 'n publieke plek wat nie 'n aangewese gebied is nie;

(b) laat toe nie dat sy of haar eiendom of ware meer ruimte beslaan as sy of haar toegewese perseel of stalletjie in 'n aangewese gebied gelys in Deel 2 van die Bylae nie, indien van toepassing;

(c) plaas of stapel sy of haar eiendom of ware so dat dit 'n gevaar vir enigiemand of enige eiendom is, of dat dit waarskynlik enigiemand sal beseer of eiendom beskadig nie;

(d) rig, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die aangewese beampte, enige struktuur wat bedoel is om skuiling te verskaf by die aangewese gebied op nie;

(e) versper die toegang tot 'n brandkraan of gebied afgebaken vir die uitsluitlike gebruik van noodvoertuie of nooddienste nie;

(f) los sy of haar eiendom of ware voor of na besigheidstye by die aangewese gebied, behalwe in 'n permanente struktuur deur die Munisipaliteit vir daardie doel voorsien nie;

(g) laat na of versuim om sy of haar eiendom of ware te skuif wanneer aldus versoek deur 'n werknemer of agent van die Munisipaliteit of enige verskaffer van telekommunikasie- elektrisiteits- of ander dienste, sodat werk met betrekking tot 'n openbare plek of enige sodanige diens gedoen kan word nie;

(h) heg in, op of by 'n openbare plek, enige voorwerp of ding aan 'n gebou, struktuur, plaveisel, boom, parkeermeter, lamppaal, elektriese paal, telefoonhokkie, posbus, padverkeersteken, heining, bank of ander straatmeubelstuk nie;

(i) maak 'n oop vuur by die aangewese gebied of onder omstandighede waar dit iemand kan beseer of 'n gebou of voertuig beskadig nie;

(j) verrig 'n handeling of hou brandstowwe in hoeveelhede aan strydig met die bepalings van enige wet rakende die voorkoming of bestryding van brande nie;

(k) verontagsaam 'n redelike vereiste gestel deur 'n beampte van die Munisipaliteit, wat met die voorkoming of bestryding van brande belas is, rakende sy of haar bedryf nie;

(l) bêre sy of haar ware in 'n mangat, stormwaterpyp, busskuiling, openbare toilet of boom nie;

(m) verkoop sy of haar ware deur ‘n megafoon, radio of luidspreker te gebruik, of deur ‘n aanhoudende geskree of gesing, op so ‘n manier dat dit ‘n oorlas of steuring kan veroorsaak nie;

(n) verkoop enige eiendom of ware wat ‘n gevaar of risiko vir die openbare gesondheid inhou nie.

**Sindelikheid**

**7.** (1) Iemand wat sake doen as ‘n straathandelaar –

(a) hou sy of haar eiendom of ware en die aangewese gebied in ‘n skoon en higiëniese toestand;

(b) gooi die rommel wat deur sy of haar besigheid voortgebring word in enige houer, insluitende herwinnings- en stortingsvergaderplekke, wat deur die Munisipaliteit voorsien word en doen nie weg met rommel deur dit in ‘n mangat, stormwaterpyp of enige ander plek wat nie bedoel is vir die storting van rommel, te gooi nie;

(c) maak seker dat die aangewese gebied vry is van rommel wanneer besigheid vir die dag afgehandel is;

(d) neem sodanige voorsorg as wat nodig mag wees of deur die Munisipaliteit vereis word om te voorkom dat enige vet, olie, vetterigheid of enige gevaarlike stof wat voortgebring mag word deur die bedryf van sy of haar besigheid, op ‘n openbare plek mors en om te voorkom dat enige rook, damp, geur of geraas afkomstig van sy of haar bedrywighede ‘n oorlas word.

(2) Die Munisipaliteit –

(a) voorsien houers by aangewese gebiede sodat die weggooi van rommel deur straathandelaars vergemaklik kan word;

(b) verseker dat houers by aangewese gebiede gereeld leeggemaak, skoongemaak en ontsmet word.

**Versperring veroorsaak deur straathandel verbode**

**8.** (1) Niemand doen sake as ‘n straathandelaar op ‘n plek waar dit –

(a) toegang tot of die gebruik van ‘n straatfasiliteit soos ‘n bushalte, skuiling of toustaanlaan, vullisdrom of ander gerief wat bedoel is vir gebruik deur die publiek sal versper nie;

(b) die sigbaarheid van ‘n vertoonvenster, kennisgewingbord of perseel versper nie;

(c) toegang tot ‘n gebou, outobank of toustaanlaan by so ‘n outobank, voetgangeroorgang of voertuig versper nie;

(d) minder as 2 meter ruimte vir voetgangergebruik op ‘n sypaadjie laat nie, of op enige ander manier voetgangers se gebruik van ‘n sypaadjie versper nie;

(e) die sig van enige padgebruiker belemmer nie;

(f) ‘n versperring van ‘n verkeerslaan veroorsaak nie;

(g) toegang tot parkeerplekke of laaisones of ander geriewe vir motorverkeer beperk nie;

(h) enige padverkeersteken of merk, kennisgewing of teken wat ingevolge hierdie Verordening of enige ander wet vertoon word of gemaak is verberg nie; of

(i) op enige manier inbreuk maak op ‘n voertuig wat langs so ‘n plek geparkeer is nie.

**Straathandel mag nie met bestaande besighede kompeteer nie**

**9.** Niemand doen sake as ‘n straathandelaar op ‘n soom aanliggend tot ‘n deel van ‘n gebou waarin iemand besigheid, uitgesonderd die besigheid van afdelingswinkel, supermark of groothandelaar doen, en die ware of dienste wat die straathandelaar verkoop of lewer, van dieselfde aard of soortgelyk is aan die ware wat verkoop word of die dienste wat gelewer word deur die ander persoon nie.

**Straathandel beperk tot toegewese persele of stalletjies in sekere aangewese gebiede**

**10.** (1) Wanneer die Munisipale Bestuurder aan ‘n aansoeker toestemming verleen om sake te doen as ‘n straathandelaar, kan hy of sy ‘n spesifieke afgebakende perseel of stalletjie in ‘n aangewese gebied aan die aansoeker toeken, en geen ander persoon, uitgesonderd sy of haar assistent of werknemer, doen sake op of vanaf sodanige perseel of stalletjie nie.

(2) ‘n Straathandelaar aan wie ‘n spesifieke perseel of stalletjie toegeken is –

(a) doen sake alleen op of vanaf sodanige perseel of stalletjie;

(b) onderverhuur nie of dra nie aan enigiemand anders die reg om sake op of vanaf sodanige perseel of stalletjie te doen oor nie;

(c) moet in besit wees van bewys dat toestemming aan hom of haar verleen is om sake op of vanaf die betrokke perseel of stalletjie te doen en sodanige bewys op versoek aan ‘n gemagtigde beampte toon.

(3) Die aangewese gebiede waarbinne straathandel alleen vanaf 'n spesifieke afgebakende perseel of stalletjie gedoen mag word, word in Deel 2 van die Bylae gelys.

**Straathandel verbode naby plekke van aanbidding, monumente en sekere geboue**

**11.** Niemand doen sake as 'n straathandelaar op 'n soom aanliggend aan –

(a) die plek van aanbidding van enige geloof of denominasie nie;

(b) 'n historiese monument nie;

(c) 'n gebou wat vir openbare doeleindes gebruik word nie;

(d) 'n gebou wat uitsluitlik vir bewoningsdoeleindes gebruik word nie, indien –

(i) die eienaar, persoon in beheer of bewoner van enige deel van die gebou wat op die betrokke soom front, skriftelik teen sodanige handel beswaar by die Munisipaliteit aangeteken het; en

(ii) die feit dat sodanige beswaar aangeteken is, skriftelik deur die Munisipaliteit aan die betrokke straathandelaar bekend gemaak is.

**Vertoon van tekens deur die Munisipaliteit**

**12.** Die Munisipaliteit kan enige teken of kennisgewing vertoon om gevolg te gee aan die bepalings van hierdie Verordening.

**Straathandel vanaf beweegbare stalletjies**

**13.** Ondanks die bepalings van hierdie Verordening, kan die Munisipaliteit tenders toeken aan persone om vanaf beweegbare stalletjies sake te doen, onderworpe aan die voorwaardes deur die Munisipaliteit bepaal.

**Verwydering en skut**

**14.** (1) 'n Gemagtigde beampte kan enige voorwerp, houer, voertuig of struktuur –

(a) wat hy of sy redelikerwys vermoed gebruik word of gebruik is vir of in verband met straathandel; en

(b) wat hy of sy op 'n plek aantref waar straathandel beperk of verbode is ingevolge hierdie Verordening, en wat, na sy of haar oordeel, 'n oortreding van hierdie Verordening uitmaak,

verwyder en skut.

(2) ‘n Gemagtigde beampte wat ingevolge hierdie Verordening optree –

(a) hou behoorlik rekord van alle eiendom aldus verwyder en deel die persoon oënskynlik in beheer van die eiendom (indien daar so iemand is), mee wat die prosedure is wat gevolg moet word om die eiendom weer op te eis en waar dit geskut sal word; en

(b) gee sonder versuim die eiendom by die skut in paragraaf (a) bedoel af.

(3) Eiendom verwyder en geskut soos beoog in subartikel (1) –

(a) kan, indien dit bederfbaar is, binne ‘n redelike tyd nadat dit geskut is, verkoop of vernietig word: Met dien verstande dat sodanige eiendom, behoudens subartikel (4), te eniger tyd voor die vernietiging of verkoop daarvan, teruggegee moet word by bewys van eienaarskap en: Met dien verstande voorts, dat die bederfbare goedere nog geskik is vir menslike gebruik;

(b) word, behoudens subartikel (4), indien dit nie-bederfbaar is nie, by bewys van eienaarskap, binne 1 maand vanaf die datum waarop dit geskut is, terugbesorg.

(4) Die Munisipaliteit behou die betrokke eiendom totdat vir alle uitgawes betaal is, by gebrek waarna die eiendom by openbare verkoping, waarvan 14 dae kennis gegee is, van die hand gesit word: Met dien verstande dat waar die goedere waarop beslaggelê is, bederfbaar is, die gemagtigde beampte die tydperk van 14 dae in so ‘n mate kan verkort, as wat hy of sy goeddink, of die bederfbare goedere vernietig, wat ookal die lonendste is.

(5) Waar eiendom wat geskut is deur die Munisipaliteit verkoop word, word die opbrengs van die verkoping, min die redelike uitgawe deur die Munisipaliteit aangegaan in verband met die verwydering, skut of beskikking oor die eiendom, aan die persoon wat die eienaar van die eiendom was toe dit geskut is, betaal, maar indien die voormalige eienaar nie die genoemde opbrengs binne 3 maande vanaf die datum waarop die eiendom verkoop is, opeis nie, word die opbrengs aan die Munisipaliteit verbeur en in ‘n spesiale fonds, deur die Munisipaliteit opgerig vir ontwikkeling van die informele sektor en sake wat daarmee in verband staan, inbetaal.

(6) Die eienaar van eiendom wat verwyder, geskut, verkoop of vernietig word, soos beoog in hierdie artikel, is verantwoordelik vir alle uitgawes deur die Munisipaliteit aangegaan in verband met die verwydering, skut, verkoop of vernietiging van die eiendom.

**Misdrywe**

**15.** Enigiemand wat –

(a) ‘n bepaling van hierdie Verordening oortree of nie daaraan voldoen nie;

(b) ‘n kennisgewing, teken of merk vertoon of opgerig ingevolge hierdie Verordening ignoreer, verontagsaam of nie gehoorsaam nie;

(c) ‘n goedkeuring of voorwaarde ingevolge hierdie Verordening verleen of opgelê, oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(d) ‘n geskrewe wettige opdrag van die Munisipaliteit om sy of haar eiendom te skuif of te verwyder verontagsaam;

(e) doelbewus valse of misleidende inligting aan ‘n beampte of werknemer van die Munisipaliteit verstrek; of

(f) ‘n beampte of werknemer van die Munisipaliteit dreig, teenstaan, dwarsboom of hinder in die uitoefening van sy of haar magte, pligte of werksaamhede kragtens hierdie Verordening,

is aan ‘n misdryf skuldig.

**Strafbepaling**

**16.** Iemand wat skuldig bevind word aan ‘n misdryf kragtens hierdie Verordening, is strafbaar met ‘n boete of gevangenisstraf van hoogstens 1 jaar of met beide ‘n boete en daardie gevangenisstraf.

**Middellike aanspreeklikheid van persone wat sake doen as straathandelaars**

**17.** (1) Wanneer die werknemer of assistent van iemand wat as straathandelaar sake doen, iets wat ‘n misdryf ingevolge hierdie Verordening sou wees, doen of nalaat, word dit geag dat daardie persoon self die handeling verrig of die versuim begaan het, tensy hy of sy die hof oortuig dat hy of sy –

(a) nóg die doen of late van die betrokke werknemer of assistent oogluikend toegelaat het, nóg dit veroorloof het; en

(b) alles redelik gedoen het om die doen of late te voorkom.

(2) Die feit dat die straathandelaar beweer dat hy of sy instruksies uitgereik het waardeur ‘n doen of late verbied word, is nie insigself afdoende bewys dat hy of sy alles redelik gedoen het om die doen of late te voorkom nie.

**Middellike aanspreeklikheid van werknemers en assistente**

**18.** Wanneer iemand wat sake doen as straathandelaar ingevolge artikel 17 aanspreeklik is vir 'n doen of late van 'n werknemer of assistent, is daardie werknemer of assistent ook aanspreeklik asof hy of sy die persoon is wat aldus sake doen.

**Herroeping van wette en voorbehoude**

**19.** (1) Die volgende wette word hierby herroep:

**Alle vorige verordeninge met betrekking tot die Beheer van Straathandel binne die Emthanjeni Munisipale grense.**

(2) Enige toestemming verkry, reg toegestaan, voorwaarde opgelê, aktiwiteit veroorloof of ding gedoen kragtens 'n herroepe wet word, na gelang van die geval, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van hierdie Verordening (as daar is), verkry, toegestaan, opgelê, veroorloof of gedoen te gewees het.

**Kort titel**

**20.** Hierdie Verordening heet die Verordening op die Beheer van Straathandel, 2008

# BYLAE

## Deel 1
(artikel 5(1))

Gebiede aangewys vir straathandel:

…
…

## Deel 2
(artikel 10(3))

Aangewese gebiede waar straathandel alleen van afgebakende persele of stalletjies gedoen mag word:

…
…